higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

GEMEENSKAPSGEORIËNTEERDE PRIMÊRE SORG
NKR VLAK 4

17 November 2022

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 10 bladsye.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1
1.1.1 Onwaar
1.1.2 Waar
1.1.3 Onwaar
1.1.4 Onwaar
1.1.5 Onwaar
1.1.6 Waar
1.1.7 Waar
1.1.8 Waar
1.1.9 Onwaar
1.1.10 Waar

(10 × 1) (10)

1.2 1.2.1
- Kanker is 'n groep verwante siektes wat 'n gemeenskaplike genetiese wortel het in die manier waarop selle vorm, groei en verdeel.
- Kanker ontwikkel wanneer die groei- en verdelingsproses afbreek.
- Ou, abnormale of beskadigde selle oorleef in plaas daarvan om te sterf.
- Nuwe selle vorm wanneer dit nie nodig is nie.
- Die nuwe selle groei en verdeel sonder om op te hou, om gewasse (knoppe) te vorm.
- Abnormale selle verdring normale gesonde selle en kan na alle dele van die liggaam versprei. (Enige 5 × 1) (5)

1.2.2
- Wetenskaplike inligting
- Inligting word verskaf oor kankerstatistieke
- Die inligting word gebruik om kanker in gemeenskappe hok te slaan
- Mense en organisasies in gedefinieerde plaaslike plekke
- KANSA is 'n organisasie wat help om kanker in gemeenskappe te bekamp (5)

1.2.3
- Ja✓
- Nasionale statistieke kan gebruik word om vas te stel in watter dele van die bevolking/gemeenskappe✓ kanker algemeen voorkom✓

OF

- Nee✓
- GGPS (‘COPC’) word in bepaalde gemeenskappe gedoen✓ daarom moet statistieke die voorkoms van kanker per gedefinieerde gemeenskap aandui.✓

(Enige 1 × 3) (3)

1.2.4
- Sekondêre inligting.
- Dit is nie oorspronklike inligting/van die oorspronklike bron nie OF dit is inligting wat reeds deur ander mense ingesamel is OF dit is van 'n webwerf af. (Enige1 × 3) (3)

Kopiereg voorbehou

1.2.5
- Kanker het 'n uitwerking op die hele bevolking en behandeling word deur die regering aan 80% van die bevolking/kankergevalle gegee.
- Die regering bestee belastingbetalers se geld aan kankerbestuur.
- Kanker plaas 'n las op openbare gesondheidsinstellings.
- Kanker lei tot lae werkbywoning; dit is 'n las vir die individu, wat inkomste kan verloor; 'n kind met kanker het lae skoolbywoning.
- Kanker belas ook die gesin finansieel, die gesin moet byvoorbeeld na die siek of terminaal siek kankerpasiënt omsien, vir die persoon met kanker die korrekte kos koop, die omgewing vir iemand in 'n rolstoel aanpas, ens. (Enige 5 × 1) (5)

1.2.6
- Identifiseer die aktiwiteite van aktiewe organisasies wat tot die bestuur van kanker kan bydra.
- Bepaal watter organisasies bereid is om met wykgebaseerde uitreikspanne saam te werk/Identifiseer potensiële vennootskappe tussen organisasies.
- Vind uit hoe die aktiwiteite van organisasies by kankerbestuur aansluit.
- Bepaal hoe organisasies met mekaar kan saamwerk om kanker in gedefinieerde gemeenskappe te bestuur.
- Bepaal watter hulpbronne organisasies tot kankerbestuur kan bydra. (Enige 5 × 1) (5)

1.2.7
- Die bewustheid van die gevare van rook
- Die belangrikheid daarvan om kankerbehandeling te ontvang
- Doen gereelde borsondersoeke
- Doen gereelde papsmere
- Vermy gevaarlike chemikalieë (Enige 4 × 1) (4)

[40]

VRAAG 2

2.1
2.1.1 D
2.1.2 B
2.1.3 C
2.1.4 A
2.1.5 B
2.1.6 D
2.1.7 C
2.1.8 B
2.1.9 A
2.1.10 D

(10 × 1) (10)

Kopiereg voorbehou

2.2 2.2.1
- Etiek is die standaard van gedrag wat ons van mekaar verwag.
- Sedes is beginsels wat 'n persoon se gedrag of die uitvoer van 'n aktiwiteit beheer (Enige 2 × 1) (2)

2.2.2
- Respekteer elkeen se menswaardigheid
- Verseker ingeligte toestemming
- Maak seker dat deelnemers die redes vir deelname verstaan
- Verseker privaatheid
- Verseker vertroulikheid
- Beoefen billikheid
- Maksimeer voordele
- Minimaliseer skade
- Moenie groot belonings aanbied nie
- Moenie bindende kontrakte afdwing nie (Enige 5 × 1) (5)

2.2.3
- Mense het die wetlike en etiese reg om te bepaal wat met hulle gebeur.
- Gesondheidsorgwerkers het die etiese plig om mense by hul eie gesondheidsorg te betrek.
- Om die waardigheid, regte en welstand van mense te beskerm. (Enige 4 × 1) (4)

2.3 2.3.1
- Hulle loop die risiko van TB, wat 'n aansteeklike siekte is wat as gevolg van swak ventilasie gedy.
- Die 26-jarige vrou kan TB aan haar ongebore baba oordra omdat sy nie swangerskapsorg bywoon waar hulle haar vir TB kan toets en behandel nie; sy kan ook ander infeksies aan die baba oordra; sy het 'n verswakte immuunstelsel omdat sy nie voorgeboortelike vitamiene neem nie; sy kan swangerskapskomplikasies ontwikkel.
- Die gesin loop die risiko van asemhalingsprobleme as gevolg van die maak van vuur binne die plakkershut.
- Die gebrek aan lopende water kan tot die inname van bakterieë lei, wat tot 'n verswakte immuunstelsel aanleiding kan gee en die risiko om opportunistiese infeksies op te doen.
- Die baba word gebottelvoed en loop die risiko om bakterieë in te neem as bottelhigiëne nie nagekom word nie.
- Die 25-jarige man loop die risiko van dwelmmisbruikkomplikasies soos lewerprobleme opdoen; sy liggaam sal vol gifstowwe wees as die lewer nie giftige stowwe kan detoksifiseer nie.
- Die kind is nie ingeënt nie, wat hom in gevaar stel om kindersiektes op te doen. (Enige gepaste 5 × 2) (10)

2.3.2
- Die 25-jarige seun✓ en die 26-jarige vrou✓
- Hulle het TB✓/ -simptome✓ wat na ander lede van die huishouding kan versprei. ✓ (4)

Kopiereg voorbehou

2.3.3
- Die 66-jarige.
- Hy is die hoof van die huishouding en ouer as 18 jaar.
- Hy kan die huishouding behoorlik verteenwoordig.
- Hy het kennis van die gesin se gesondheidskwessies en het gesag om namens die gesin te praat.
- Hy is volwasse en regsbevoeg. (Enige 5 × 1) (5)

[40]

VRAAG 3

3.1
3.1.1 D
3.1.2 H
3.1.3 J
3.1.4 K
3.1.5 A
3.1.6 C
3.1.7 F
3.1.8 E
3.1.9 B
3.1.10 G

(10 × 1) (10)

3.2 3.2.1 Diabetes is 'n toestand waar daar hoë vlakke van glukose in die bloed is. Dit gebeur wanneer die pankreas nie genoeg insulien produseer nie. (3)

3.2.2
- Doen vroeë COVID-19-toetse by mense met diabetes, om komplikasies en voortydige sterftes te voorkom.
- Verbeter diabetesbestuur om COVID-19-komplikasies te voorkom (Enige 1 × 2) (2)

3.2.3

TAAK	AKSIESTAPPE	HINDERNISSE	VERWAGTE UITKOMSTE
Diabetes	Leer mense oor gesonde eetgewoontes om diabetes te voorkom	Taalversperrings Mense wat weier om te luister	Mense het meer kennis oor die voorkoming van diabetes
	Toets mense vir diabetes	Onvoldoende toerusting vir toetsing Mense wat weier om te toets	Vroeë diagnose om komplikasies te voorkom
	Gee behandeling	Onvoldoende behandeling Mense neem dalk nie medikasie soos voorgeskryf nie	Voorkoming van voortydige sterftes

(Enige 3 × 3) (9)

Kopiereg voorbehou

3.2.4 'n Formatiewe evaluering word gedoen voor die implementering van 'n intervensie (ingryping) om:

- verbetering van die aksieplan te ondersteun
- die behoefte vir die implementering van die aksieplan te bepaal
- die fokus en omvang van die aksieplan te bepaal
- basislyninligting te verskaf om te gebruik vir toekomstige vergelyking of meting (5)

3.2.5

- Om vordering teen die plan na te gaan
- Om probleme en uitdagings te identifiseer
- Om besluite te neem en op 'n sistematiese en ingeligte manier op probleme te reageer

OF

- Om programaktiwiteite en resultate te meet en te assesseer
- Die doel is om die vordering van implementering en uitsette na te gaan
- Dit help om te bepaal of 'n program volgens plan verloop en wanneer veranderinge aangebring moet word

OF

- Om aktiwiteite wat plaasvind terwyl die aksieplan geïmplementeer word, waar te neem en aan te teken.
- Om inligting in te samel wat gebruik kan word om besluite te neem om prestasie te verbeter; ook om te verseker dat die implementering van die aksieplan op die regte spoor is.
- Dit behels ook die gee van terugvoer aan skenkers en begunsdigdes te gee oor vordering ten opsigte die implementering van die plan. (Enige 5 × 1) (5)

3.3 Opskrif: Oorsake van onvrugbaarheid
Die sirkeldiagram toon die volgende oorsake van onvrugbaarheid:

- 35% deur mans
- 10% deur idiopatiese oorsake/siektes wat spontaan ontstaan
- 35% deur buispatologie
- 5% is servikale
- 15% hou verban met ovulasie (6)

[40]

VRAAG 4

4.1 4.1.1 Temperatuur onder 35°
4.1.2 Emosionele mishandeling
4.1.3 Serebrovaskulêre siekte
4.1.4 160/110 mmHg
4.1.5 Koste

(5 × 1) (5)

Kopiereg voorbehou

4.2
- Onderwerp (titel of fokus)
- Onderwerpinhoud (wat mense moet leer)
- Leerstyl/aktiwiteit
- Tyd (lengte van die werkswinkel)
- Deelnemers/bywoners
- Materiaal/hulpbronne
- Lokaal
- Taakgewende/verantwoordelike persone (Enige 6 × 1) (6)

4.3
- Om plaaslike gesondheidsbehoeftes te verstaan **OF** om uit te vind oor die gesondheid van mense in 'n gemeenskap of wyk deur middel van opnames of deur sekondêre inligting te gebruik.
- Om sterk verhoudings tussen diensgebruikers en diensverskaffers te bou.
- Om diensprioriteite in te lig.
- Om met strategieë of intervensieplanne (ingrypings) vorendag te kom om na die behoeftes van mense om te sien. (Enige 4 × 1) (4)

4.4
- Respek en vertroue (beskaafde praktyke)
- Versoenbare maniere van saamwerk (geen konflik of spanning nie)
- Bekwame organisasie (goeie bestuur van hulpbronne)
- Kommunikasie (gereelde kontak)
- Toewyding (om tyd en moeite in te sit) (5)

4.5 4.5.1 COVID-19 (1)

4.5.2

Lid	Rede
• Dokter/verpleegster	• Om maniere voor te stel oor hoe om sterftes weens COVID-19-verwante komplikasies te verminder.
• Maatskaplike werker	• Om leiding te gee oor armoedeverligtingstrategieë/oorkoming van sosiale probleme soos gesinsgeweld, toegang tot maatskaplike toelaes te kry, ens.
• Polisieman	• Om leiding te gee oor hoe om gesinsgeweld te verminder en die oortreders voor die gereg te bring.
• Besigheidseienaar	• Om raad te gee oor hoe om besighede bymekaar te bring om kospakkies en sopkombuise te borg om die armes te voed.
• Onderwyser/ skoolhoof	• Om voorstelle te gee oor die implementering van aanlynonderrig om te verseker dat kinders nie met hul skoolwerk agter raak nie.
• Gemeenskapsleier	• Om insette te lewer oor hoe om samewerking van gemeenskapslede te kry om die verspreiding van COVID-19 te verminder

(Enige 5 × 2) (10)

Kopiereg voorbehou

4.5.3

STELLINGS	STEM SAAM	STEM NIE SAAM NIE
• 'n Droë hoes is 'n algemene simptoom van COVID-19. • Smaakverlies is 'n minder algemene simptoom van COVID-19. • Dit is belangrik om na 'n gesondheidsfasiliteit te gaan in die geval van asemhalingsprobleme. • Die dra van 'n masker kan 'n persoon beskerm teen COVID-19. • Gereelde handewas kan die verspreiding van COVID-19 voorkom. • Sanitasie is 'n belangrike voorkomingstrategie. • Inenting kan kudde-immuniteit tot gevolg hê.		

Let wel: Ken punte toe gebaseer op die student se antwoord in 4.5.1

(Enige gepaste 4 × 1) (4)

4.6
- Ja✓
- 'n Summatiewe evaluering word gedoen om uitkomste vas te stel of om aan befondsers, die gemeenskap of belanghebbendes die uitwerking van die aktiwiteite te bewys.
- Dit wys ook in watter mate planne doeltreffend geïmplementeer is en of die verwagte uitkomste bereik is.
- Dit word aan die einde of na voltooiing van die intervensie (ingryping) gedoen om die impak daarvan te bepaal (of die intervensie (ingryping) 'n verskil gemaak het) om toekomstige befondsing te kan bekom.
- Dit dui die swakpunte en sterkpunte van die intervensie (ingryping) aan en lig toekomstige intervensies in. (Enige 5 × 1) (5)

[40]

VRAAG 5

5.1
5.1.1 Aksieplan
5.1.2 Gemeenskap
5.1.3 Gesondheidswerkers
5.1.4 Opleiding
5.1.5 Agenda
5.1.6 Onbeskaafde praktyk
5.1.7 Beplanning
5.1.8 Verslagdoening
5.1.9 Selfmonitering
5.1.10 Uitkoms

(10 × 1) (10)

Kopiereg voorbehou

5.2
- ’n Fisiese gemeenskap word deur die gemeenskap se behoeftes bepaal terwyl ’n sosiale gemeenskap ook deur die gemeenskap se behoeftes bepaal word

OF

- ’n Fisiese gemeenskap sal geselekteer word wanneer gesondheidsbehoeftes binne geografiese grense ontstaan, terwyl ’n sosiale gemeenskap gekies kan word wanneer ’n gemeenskap se behoeftes nie binne die geografiese grense val nie (Enige 2 × 2) (4)

5.3
- Gesondheidsorgdienste moet deur opgeleide en gekwalifiseerde gesondheidswerkers bestuur word.
- Mense wil en behoort die beste sorg beskikbaar te kry.
- Primêre sorg moet hoëgehalte sorg voorsien, wat professionele persone kan aanbied.
- Gesondheidswerkers is tot etiese praktyke verbind.
- Professionele persone kan verantwoordelikheid vir hulself en hul spanne neem.
- Gesondheidswerkers kan gesondheidsorg tussen die huis en gesondheidsfasiliteite integreer. (Enige 5 × 1) (5)

5.4
- Beperkte hulpbronne
- Nie genoeg mense/menslike hulpbronne nie
- Nie genoeg tyd nie
- Nie genoeg geld nie
- Om te voorkom dat gesondheidstoestande vererger
- Om die verspreiding van aansteeklike siektes te voorkom
- Om komplikasies te voorkom
- Om dood te voorkom
- Swak infrastruktuur
- Personeeltekorte
- Diefstal van mediese toerusting en medikasie (Enige 4 × 1) (4)

5.5
- Inleiding
- Inhoud
- Sluiting (3)

5.6 5.6.1
- Onderwys (Diepkloof Sekondêre Skool/Universiteit van Johannesburg)✓ Lig leerders in oor die belangrikheid van 'n gesonde dieet om NOS's te voorkom.✓
- Ontspanning (winkels, winkelsentrums, parke, dam, restaurante en kroeë) Inkopies is terapeuties vir sommige mense, aangesien dit stres verminder en sosiale gesondheid verbeter; mense kan by damme ontspan, en piekniek hou, en in parke stap; mense kan in restaurante en kroeë gesellig verkeer)
- Gesondheid (Hospitale) Gesondheidspromosies, voorkoming, toetsing en behandelingsdienste
- Vervoer (Bara Taxi-staanplek en die paaie) Vervoer siek mense

Kopiereg voorbehou

na hospitale
- Telekommunikasie (M-kommunikasie/kommunikasiewinkel) Voorsien mense van elektroniese toestelle wat gebruik kan word om oor NOS's navorsing te doen te of om die ambulans en familielede te bel sou daar 'n noodgevalle wees
- Veiligheid (Diepkloof SAPD) Verseker 'n veilige gemeenskap deur misdadigers in hegtenis te neem en vervolgens stres, angs en vrees en NOS's te verminder. (Enige 4 × 2)

(8)

5.6.2
- Onderwys- en Gesondheidsverpleegkundiges kan gesondheidsbevordering by skole doen om studente op te voed oor die belangrikheid van oefening en om 'n gesonde diet te volg
- Onderwys en ontspanning bevorder sportdeelname in skole en in die gemeenskap
- Onderwys en ontspanning voorsien skole van sporttoerusting
- Onderwys en telekommunikasie voorsien studente van data/ Wi-Fi om internettoegang by die skool te verhoog om meer oor 'n gesonde leefstyl te leer (Enige 2 × 2) (4)

5.6.3
- Welsynsdienste help mense met sosiale probleme om stres, depressie en maatskaplike toelae-aansoeke en gevolglik die voorkoms van hipertensie en hartprobleme te verminder
- Water en sanitasie voorsien skoon water om chroniese medikasie te neem
- Energie verskaf elektrisiteit aan mense om gesonde maaltye te kan kook (Enige gepaste 2 × 1) (2)

[40]

TOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou